

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 85**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# JAAGDUIWELS

## In 'n sitkamer

Buurman, nou het ek darem vir jou 'n motor! Weet jy, hy haal 80 km per uur in tweede rat op die stukkie pad hier agter die stasie van die een duikweg tot by die ander een.

Hoe nou? Hulle sal my vang?

Ag, kyk ou maat, ek is 'n besige man; kry skaars tyd vir ontspanning. Aan spoedlokvalle steur ek my net so min soos aan daardie mat. Ek moet elke dag op honderd-en-een plekke wees. As ek my by die spoedgrens moet hou, sal ek nooit my werk klaar kry nie.

Ja, hulle het nou die dag probeer om my te vang, maar hierdie motor is 'n ou doring. Gelukkig was dit sterk skemer toe ek deur die lokval ry. Ek het net 'n hand gesien opgaan, maar jy moet weet, toe ry ek al 110 km per uur. Dit was daar op die stukkie dubbelpad by die nuwe robot. Ek trap toe maar die lepel weg en skakel my parkeerligte af. Gelukkig kry ek die robot geel en ek trek so by die honderd daardeur. Ek weet nie waar die ou my gelos het en of hy my ooit probeer jaag het nie, want ek vat toe sommer die grootpad en weg is ek.

Nee jong, hulle vang my nie maklik nie. As ek 'n boete kry, dan betaal ek hom. Geld is mos nie 'n kwessie nie en buitendien is ek goed bevriend met die hoë manne, maar ek speel nie met 'n pad nie. Met hierdie nuwe vuurwa van my ry ek net 4½ uur af kus toe, terwyl jy dit in niks onder die 9 uur doen nie. Jy moet net jou oë oop hou.

## In die hospitaal

Dag, buurman. Ja die pyn was erg toe ek die hartaanval kry, maar ek voel perdfris. Dis nou al vier weke. Ek het nie tyd om hier te mors nie. Een van die dae wikkkel ek weer deur die spoedlokvalle!

## In jou sitkamer

Vriend, kan ons 'n bietjie gesels. Ken jy ook sulke mense? Hoe gedra jy jou op die pad as jy die wiel vat... ook al is jy haastig? Wat dink jy van 'n spoedlokval... dat dit onnodig en tydmors is? Hy dwing jou in elk geval tot stilstand. Hy laat jou dink, tensy jy al verhard geraak het. Jy was tot dusver gelukkig en is nooit gevang nie, maar dink hoeveel tyd jy gaan mors as jy moet stilhou wanneer jy 'n kind raakry of 'n ander motor stamp. Hoe ironies sal dit nie wees as jy vir altyd tot stilstand kom nie! Jy, wat gewoon was om te spoed deur die strate; altyd haastig. Jy wat onbeheersd kon wegjaag as jy deur 'n lokval ry, of was dit dalk 'n "tref en trap"- geval? Hulle sal jou dooie liggaam **teen 'n slakkegang** oor rooi, geel en groen verkeersligte na die kerkhof neem in 'n lykswa... jou liggaam, maar jy, waarheen sal jy spoed?

## Verhouding tot die Here

Jou lelike padgedrag openbaar jou lelike verhouding tot God. Jy is onverskillig teenoor jou Skepper. Jou oorhaastigheid en kroniese tydsgebrek vertel dat jy ook nooit tyd maak om te bid nie. Eintlik is jy altyd **onrustig** en daarom jaag jy, maar die Here is ook soms haastig. Hoe vinnig kan Hy nie soms ingryp nie. Die vrou van Lot word oombliklik 'n soutpilaar. Ussa slaan dood neer toe hy die ark van die Here aanraak. Ananias en Saffira kon skaars hulle afgesproke leuen uitspreek, of hulle lippe sluit vir altyd.

## Jy leef nog

God het nog nie met jou haastig gewerk nie. God het jou nog nie ingehaal nie. Nee, Hy wil jou voorkeer. Hy talm met jou, nie uit onmag nie, maar uit almag; nie uit gebrek aan liefde

nie, maar uit oorvloed van liefde. Hy wil hê dat jy moet leer bid soos Dawid in Ps. 38 : 23.  
"Maak tog gou om my te help, Here, my heil!"

### **God se antwoord**

Dié ken jy reeds, anders sal jy nie bid nie. God het lankal gou gemaak. Hy het in die volheid van die tyd sy Seun, Jesus Christus, gestuur om aan die kruis te ly en te sterf... vir jou en my.

Op watter plek sal jy weer van God hoor?

**J. Venter.**

# GEEN TYD VIR MYSELF NIE

Het u tyd om hierdie paar bladsye te lees? U doen dit miskien vir tydverdryf, maar dit is goed, want dit is nie tydmors nie. Ek wil graag 'n bietjie met u gesels oor... uself.

## **Is u 'n besige mens?**

Almal is vandag besige mense; u seker ook. Daar is net nie tyd nie. Ons het al 'n menigte op 'n drafstap geword. Alles moet vinnig gaan: vinnig werk, vinnig loop, vinnig ry, vinnig eet... Het u al ooit opgelet hoeveel keer op 'n dag u die woordjie “gou” gebruik?

Daar is oortydwerk, vergaderings, funksies en gesellighede wat 'n mens se program daaglik so vol maak, dat dit wil oopbars. Dit bring gejaagdheid mee wat 'n mens gespanne maak. Dit knaag aan jou senuwees en jy voel soos 'n veer wat altyd styf opgewen is. 'n Mens probeer maar soveel as moontlik doen.

As ek u vra: waarom jaag u so, sal u miskien sê: “Dit kan nie anders nie.” 'n Mens voel jy moet daar wees. 'n Mens wil jou belangstelling toon en jou hulp gee aan 'n goeie saak. Hieroor wil ons nou nie verder gesels nie. Ons wil u egter 'n vraag vra wat van die allergrootste belang is: “Wat word van uself in hierdie gejaagdheid?”

## **Is u nie dalk 'n leë dop nie?**

Besef u wel hoe arm u van binne word te midde van so 'n gejaagde lewe? 'n Mens is naderhand so besig met ander mense se probleme en belange, so besig met jou werk, die gemeenskap, volk- en wêreldsake dat jy inderdaad nie meer tyd het vir jousef nie. 'n Mens is so besig om ander te verryk, dat jy self verarm. Dit is baie verkeerd en baie skadelik.

Weet u hoekom dit gebeur?

Dink net 'n paar oomblikke na. Wanneer laas het u rustig op die stoep gesit om 'n sonsondergang te bewonder? Wanneer het u laas heerlik agteroor geleun terwyl die strelende klanke van musiek u gedagtes ver weg voer? Kan u die titel onthou van die laaste goeie boek wat u gelees het? Maak u ooit tyd om so vir 'n halfuur rustig in u Bybel te sit en lees? Het u nog tyd om rustig te bid? Verstaan u?

Die Prediker het 'n baie waar woord gespreek: "Een handvol rus is beter as altwee vuiste vol moeite en gejaag na wind."

## **'n Mens moet jousef ook liefhê**

As 'n mens geen tyd vir jousef het nie, ly jy skade en 'n mens het verantwoordelikheid teenoor jousef. 'n Mens mag nie toelaat dat ander mense en ander dinge jou aandag so aflei en opeis, dat jy geen aandag meer aan jousef kan gee nie. 'n Mens kan nie altyd bly gee, bly lei, bly bou en ondersteun sonder om eers jousef ook weer te verkwik en te vernuwe nie. Doen 'n mens dit nie, loop die fontein naderhand nie meer nie en raak die geestelike kragvoorraad op. Dit is mooi dat 'n mens vir ander opoffer, maar ook dit moet 'n mens verantwoordelik doen. Boonop sou ek u wou vra: “Is die rede vir al u gejaagdheid wel reg?”

Is u nie miskien besig om te vlug nie? 'n Mens kan so maklik vir jousef vlug, vir jou probleme, vir jou eie verantwoordelikheid deur jousef net geen tyd te gun om daaraan aandag te gee nie. Tog loop so 'n vlugtog op niks uit nie.

Ons moet onself afvra of dit reg is teenoor die Here van wie ek alles ontvang en aan wie ek alles verskuldig is? Is dit reg teenoor my naaste, my gesin en my familie wat God ook aan my sorg toevertrou het? Is dit reg teenoor myself aan wie ek 'n gebalanseerde lewe verskuldig is?

Selfs die Here Jesus kon NEE sê. Ons moet dit ook kan doen. Daar is 'n tyd vir alles en daar moet ook tyd vir onself wees — daarvoor moet ons sorg — al moet ons ook die tyd maak.

'n Kleurryke sonsondergang, 'n skemeruurtjie in die stilte, strelende musiek en 'n goeie boek, die nabyheid van hulle wat jy liefhet, gesonde ontspanning en afwisseling maak 'n mens se lewe ryk en vol. Tog maak dit die lewe nog nie wat dit moet wees nie. Die rustige saamwees en saamleef met die Here — elke dag en elke oomblik — dit vervul 'n mens met krag en met vreugde. As u moeg is — by Hom is rus. As u gejaagd voel — by Hom is kalmte.

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is", sê die Here, "en Ek sal julle rus gee."

**Arnold H. Mulder.**

# JAAAG na die doel

**"DIE lewe is so gejaagd" — is 'n opmerking wat ons baie dikwels hoor. Terselfdertyd is dit 'n opmerking wat die lewe van die deursnee mens van vandag raak tipeer. Ons jaag van die een ding na die volgende — ons jaag van vanmôre tot vanaand, week in en week uit, jaar na jaar.**

Ons lewe is volgepak met verantwoordelikhede teenoor ons werk, ons daaglikse behoeftes, ons familie, die maatskappy, ens. Met die jare word die verantwoordelikhede ook nog gewoonlik meer in plaas van minder. Somtyds voel dit of jy net nie meer die pas kan volhou nie — dit raak net te veel. Die woordjie "rustig" en veral die betekenis wat daarin vervat is — het dit nie al 'n anachronisme in ons tyd geword nie? **'n Woord wat nie meer gebruik word nie, 'n luuksheid wat ons nie meer kan bekostig nie, want "tyd is geld."**

## **Bepeinsing?**

Bepeinsing beteken om na te dink, sonder haas of gejaagdheid. Die tyd waarin ons lewe, verg van ons vinnige en raak beslissings. Plek vir 'n dromer of 'n mymeraar is daar nie, want "It is the early bird that catches the worm." Veral in die besigheidswêreld is daar ontsaglike kompetisie en wedywering. Om te sit en peins is om kosbare tyd te mors, want verlore tyd kan nie weer ingehaal word nie.

Of dit nou voordelig of nadelig, gesond of ongesond vir liggaam en/of gees is, die feit staan vas: **ons mense het geen tyd meer vir rustige bepeinsing nie.**

## **Waarheen?**

Die vraag is nou: waarheen jaag dit alles? Hierdie tempo in byna daaglikse versnelling van die tyd kan tog nie vir altyd so aanhou nie. Dit is nie nodig om rustig te gaan sit en peins om te beseef dat elkeen van ons na **ons einde** toe jaag nie. Wie van ons weet nie dat dit onafwendbaar is nie? Daar is ook nie baie tyd nodig vir ons om agter te kom dat **alle dinge** na hul einde spoed nie. Die tekens is ondubbelsinnig en vir elkeen duidelik leesbaar.

**Hierdie tyd en hierdie wêreld van ons kan in sy dolle vaart nie gestuit word nie. Die einde is in sig en ons is magteloos om daar selfs 'n enkele minuut aan te kan verander.** Ek dan? In hierdie omstandighede is daar ook geen tyd vir rustige bepeinsing wat my geestelike welsyn betref nie. God se tyd wag nie vir my tyd nie. Die uurglas van sy tyd met hierdie wêreld loop vinnig leeg.

Ook wat ons sieleheil betref, verg die tyd waarin ons lewe van ons vinnige en raak beslissings. Openb. 22:12: "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Die tyd van genade het min geword, maar goddank dit is tog daar. Die uitnodiging van Openb. 22 :17 staan nog: "En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."

Ook wat ons geestelike lewe betref, moet ons dus jaag: "jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."

**R. J. P. du Plessis.**

# ARM van GEES

Twee mense gaan na die tempel om te bid, maar watter geweldige kontras is daar tog nie tussen die twee manne nie? Die een rek hom hoog uit na die hemel om sy eie deugde en voortreflikhede voor die voete van God-self in die hemel neer te lê en die ander een kruip weg voor God met neergeslane oë. Die een is so trots op sy uitwendige godsdiens wat tog so mooi en so vroom vertoon en die ander een besef sy bankrotskap en algehele gebrek aan goeie werke. Die een staan voor in die helder kalklig van selfverheffing en die ander een kruip weg in die skaduwees van selfverloëning.

Hierdie laaste man is welbehaaglik voor die aangesig van God, want hy is die arme van gees. Hy mag stoflik hoe ryk wees, maar hy besef dat daar 'n geweldige gebrek aan geloof en ware liefde in sy lewe is. Hy mag hoog verhewe wees in die oë van sy medemens, maar hy is klein en nederig en hunkerend voor die oë van sy Here en Meester...

Dit is die armes van gees. Hulle is die gelowige, ootmoedige en afhanklike mense, omdat hulle weet dat God hulle harte ken en dat Hy hulle sondes op die naam noem. Hierdie ware gesindheid is ook die resultaat van die werk van Christus in die binneste van sy kinders. As Christus in jou woon en werk, verdwyn die hoogmoed! Daarom mag ons ook sê dat die mate van armoede van gees wat daar by jou is, ook die barometer is wat aandui watter plek Christus in jou lewe inneem.

## Die hoogmoediges

Die hoogmoediges staan buite! Hulle het nog nie die weg van selfverloëning leer ken nie. Hulle is nog nie die waaragtige bekering deelagtig nie. Bekering is berou en berou beteken om op die knieë met 'n geskeurde hart voor die aangesig van God te staan en om smekend na Hom op te kyk!

Die hoogmoediges... hulle ken **God** nie, want hulle probeer om God te beïndruk met hulle lewe en werke. Hulle is groot in hulle eie oë. Hulle ken **Christus** nie, want Hy het Homself ontledig en 'n dienskneggestalte aangeneem. Ja, Hy het ook gesê dat die koringkorrel eers in die grond moet val en sterf voordat dit veel vrug kan dra. Hulle ken ook **hulself** nog nie, want hulle sien nie die beeld van die doemwaardige sondaar in die spieël van God se wet nie... maar hulle sien 'n klatergoud-koning met die onderskrif "Ek!"

## Die kontras

Abraham was groot toe hy gelowig, stilswyend en klein opgetrek het na Moria! Moses het geskitter toe hy voor God bely het: "Wie is ek dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei?" Dawid was ver van God toe hy die volk laat tel het, maar hy was 'n kragtige gelowige toe hy om skuldvergifenis gesmeek het. Petrus was klein toe hy selfversekerd uitgeroep het: "Ek sal U nooit verloën nie!" Toe hy êrens in die donker nag geween het, was hy groot... Waarlik, die mens moet weer gebore word!

Ons moet soos kinders voor God wees: hunkerend en smagtend na die melk van God se Woord. Soos kinders, diep afhanklik van hulle Vader en in alles op Hom alleen vertrouend. Die woorde wat ons moet leer: "**Wees my, sondaar, genadig!**"

"Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van God ingaan nie."

## Die vraag

My vriend, waar staan jy? Is jy groot of klein — nie in jou eie oë nie, nie in die oë van die wêreld nie... maar hoe sien God jou?

# NIE TYD VIR MY MEDEMENS NIE

**DIE tyd waarin ons leef, word allerweë beskou as die tyd van alle tye. Nooit was daar so 'n tyd soos nou nie. Dis 'n tyd van wetenskap en tegniek, van asemenemende menslike prestasies, maar dis óók 'n tyd waarin ons vir ons medemens geen tyd het nie. Ons werk en ontspan, ons bou en ontplooi kragte en moontlikhede, maar daar is nie tyd vir mekaar nie. Ons mense het mekaar op ons pad na sukses en grootheid verloor en mekaar kwytgeraak. Dis asof ons mekaar se taal nie verstaan nie en mekaar se emosies en drange, vreugdes en smarte nie begryp nie. Ons is inderdaad op 'n ontstellende wyse vreemdelinge vir mekaar.**

## **Verval**

Waarom is dit so?

Dit het begin in die Paradys toe die eerste mensepaar, ons almal se gemeenskaplike voorouers, Adam en Eva, die band met God gebreek het. As die gemeenskap van die mens met God stukkend lê, kan die gemeenskap tussen mense onderling ook nie meer bestaan nie. Hier lê dus die oorsaak van die ontbindende samelewing en dit is die rede waarom ons nie vir mekaar tyd het nie. Ons het nie tyd vir God nie! Omdat ons nie tyd vir God het nie, verwoes misverstand, wantroue en vyandskap alle menslike verhoudinge. Daarom leef ons by mekaar verby en steur ons ons nie aan ons medemens nie. Dit is beslis 'n vorm van haat! Dit getuig in elk geval van 'n skreiende gebrek aan liefde vir die medemens.

## **Daar is herstel moontlik**

As hierdie toestand van haat en gebrek aan liefde, van skeefgetrekte verhoudings, van onderlinge afguns en naywer onbeperk sou voortduur, sou die wêreld droewig daaraan toe wees. God wou nie sy wêreld en die mens wat Hy geskape het, oorgee in die hande van die duiwel nie. Daarom het Hy sy Seun gestuur om te red wat verlore was en byeen te bring wat uitmekaar geval het. In sy omwandeling op aarde het Christus in sy betoon van liefde aan die medemens vir ons 'n uitnemende voorbeeld gestel. Hy het die verskopte en die arme, die sieke en die hulpelose, die eensame en die eenvoudige opgesoek in tere en eerlike liefde. Hy het waarlik vir sy medemens tyd gehad!

Maar die Here Jesus het nog oneindig veel meer as dit gedoen. Hy het nie maar net aan ons 'n voorbeeld gestel van hoe om teenoor 'n medemens op te tree nie, maar Hy het die mense so liefgehad dat Hy vir hulle sy lewe afgelê het. Hy het gesterf, sodat ons mense kan lewe en Hy het opgestaan uit die dood, sodat Hy as Regeerder van alle dinge aan ons die lewe in al sy volheid kan gee. As Hy dan in ons lewe kom, maak Hy alles reg tussen God en ons en tussen ons en ons medemens. As Hy ons lewe vul, word ons hart en lewe vol van warme liefde en toegeneentheid teenoor ons naaste. Dan kry ons weer tyd vir mekaar.

Na wie sal ons gaan met die sonde van liefdeloosheid teenoor ons naaste? Na wie moet die vloek van die afguns en die naywer gaan wat dreig om ons lewe te verwoes? Na wie moet ons gaan met die haat in ons hart? Na wie anders as na Hom, onse Borg en Middelaar, die Here Jesus Christus?

## **Dat almal een mag wees**

As ons dan na Hom die toevlug neem, word sy gebed in Joh. 17 waar, ook ten opsigte van ons, as Hy bid vir sy dissipels: "Maar ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo — dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."

## **Die Kerk**

Dié gebed word alreeds waar in hierdie lewe. Die plek waar hierdie eenheid tot skone openbaring kom en heerlik ontplooi word, is in die kerk, want in die kerk is al die gelowiges één in Christus, hulle Hoof. Hulle is die lede van sy liggaam en daarom is hulle ook lede van mekaar. In die kerk begin ons weer leer om vir mekaar tyd te hê. As dit met ons so is, sal ons een maal op die nuwe aarde ewig vir ons medemens "tyd hê", omdat ons daar al ons "tyd" sal bestee om God te dien en eer in eindelose ewighede, saam met al die verlostes.

**L. J. van der Merwe.**

# DIE TRADISIËS, WAAR WAS U ?

U voel vreemd in die kerk! Daar is vir u 'n te sterk vasklemming aan tradisies wat al baie jare uitgedien is.

U is modern en u wil graag sien dat alles, net soos u, op die voerpunt van die tye staan. U wil hê dit moet flink en progressief vooruit beweeg. Nou voel u, as u in die kerk inkom, asof u uself daar in die kleredrag en seremonies en formuliere in 'n atmosfeer van 'n eeu — selfs eeue — tevore vasloop.

Ek sien wat u bedoel... in 'n mate is u reg. Die dinge wat u genoem het, herinner inderdaad aan gebruike en beskouinge van eeue tevore. En u, wat modern is, het heeltemal van die dinge weggedrywe. Dit het vir u vreemd geword. Maar verstaan u reg? U sê die kerk het saam met die tradisies agter die tyd en uitgedien geraak? U verwerp die kerk en sy geloof saam met die tradisies!

## **Wat is agter die tradisie**

Nou laat ek u dan vertel waarom die vrome kerkmense so vashou aan die tradisies.

Het u al ooit gaan kyk na Pres. Kruger se woonhuis in Pretoria? U het dit nog nooit snaaks gevind dat die plek bewaar word soos in die tyd toe hy bewoon is nie? Intendeel, ons is almal bly daarvoor, want dit is of daar 'n stem uit die verlede die hede toespreek, daarby 'n inspirerende stem.

So is dit bloot al 'n neiging by die mens om die dinge uit die verlede in die kleed van die verlede te bewaar.

Weet u nie dat die kerkmense 'n kosbare skat het wat deur hulle voorgeslagte met jaloersheid bewaar is, 'n skat wat vir hulle meer werd was as hulle huise, hulle vaderland, hulle lewe selfs! Die skat is van die een geslag oorgelewer na die volgende. Verbaas dit u nou dat u juis dié skat, wat so kosbaar geag is, toegewikkel sal kry in die kleed of tradisies van die eeue waardeur dit gedra is?

U moet die "skat" probeer soek agter die tradisies, want die tradisies is nie die vernaamste nie.

Dit is juis dieselfde kerkmense wat in die geskiedenis al keer op keer met die tradisies gebreek het as dié gedreig het om die waarde van die "skat" te verminder of sy glans te verdonker. In hulle belydenis leer hulle dat die oudheid of gewoontes nie gelykgestel mag word met hierdie "skat" nie.

U verwerp die tradisies en u het u nog nie eers afgevra wat die "skat" is wat deur die tradisies gedra word nie. Ek is bevrees u wou die kind saam met die badwater weggooi.

Die "skat" is die geloof dat daar saligheid en rus en vrede en die ewige lewe is in die sterwe en opstanding van Jesus Christus.

Dit is wat ons die evangelie noem en wat ons het uit die Woord van God! 'n Woord en evangelie wat saligheid vir duisende geslagte gebring het en wat ons sekerlik weer in die tradisie en vorme van ons tyd aan die volgende geslagte gaan oorlewer.

Waarom is u vreemd?

Waar was u by die tradisies?

U het dit verwerp.

As die kerkmense Sondae kerk toe gaan, speel u by die waters rond. Waarom?

Ek gaan drie oorsake aan u stel om goed oor na te dink.

1. *Rebellie*: Uit 'n soort moderne verwaandheid rebelleer u teen u voorgeslagte — en waarskynlik u eie ouers — waarmee u alles wat van hulle kom, kleinereer. Daarenteen is die enigste regte siening tog dat u uit hulle voortvloei soos 'n stroompie uit 'n fontein. U breek die draad tot u eie skade.

2. *Valse Vryheid*: U kan u nie ondersoek aan tradisies wat u bind aan die evangelie en die kerk nie, en daarmee aan Jesus Christus en aan God nie. Daarenteen weet u self dat ware vryheid die regte binding beteken. Wie hom aan God bind, bind hom aan die lewe. Wie van God afval, hy val.

3. *Haat*: Die rebellie, en valse vryheid... kom dit nie uit 'n neiging om God te haat en u naaste te haat nie? U begryp dit nie! Wat beteken dan u opmerkings van "vreemd voel", en "uitgedien" en "verwerp"? U sou tog nie so sê van iets wat u liefhet nie. Wie haat u eintlik?

*Terugkeer*: As u uit hierdie opmerkings iets geleer het, moet u nie uitgestote voel nie.

God het groot genade vir die berouvolle sondaar.

Nee, Hy roep u nie toe om die tradisies aan te gryp nie, want dit is maar die uiterlike versiering van die evangelie, dit sal nog baie verander.

Hy roep u om die evangelie van Jesus Christus aan te gryp met albei u hande, en dit nooit weer los te laat nie. As u glo dat Jesus Christus vir u sondes gesterf het volgens die Skrifte, en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is, en dat Hy in die hemele sit vir u, dan word u daardeur gered as u daaraan vashou op die wyse waarop dit in waarheid aan u verkondig is... (1 Kor. 15:2, 4 vry.)

As u dit aanvaar, dra dit dan voort aan die volgende geslagte, en ek hoop dat hulle nie die skat wat u aan hulle oordra, ook weer verwerp nie.

**A. S. Smit**